15 Nov. 1982.

191. T. 4.1 (6)

NUUSVRYSTELLING

TOEKENNING VIR 1983 VAN DIE HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURS

Namens die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurstrust wens ek bekend te maak dat die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs vir 1983 toegeken word aan dr. A.R. Coetzee van die Fakulteit Geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch. Dié beurs bedra R2 000.

Dr. Coetzee het sy geneeskundige studie aan die Universiteit van Stellenbosch deurgemaak, waar hy die MB ChB aan die einde van 1974 verwerf het. Daarna was hy huisdokter in die Tygerberg-Hospitaal; en vervolgens militêre mediese offisier in die operasionele gebied. In 1977 het hy kliniese assistent in die Departement van Narkose in die Tygerberg-Hospitaal geword, en terselfdertyd begin spesialiseer met die oog op die graad M Med (Anaes), wat hy in 1981 aan die Universiteit van Stellenbosch verkry het. Op die oomblik is hy met behulp van 'n Nuffield-Toekenning besig met studie en navorsing aan die Universiteit van Oxford.

Sy belangstelling lê sterk in navorsingsrigting, waarvoor hy ook reeds besondere bekwaamheid aan die dag gelê het. Sy navorsing het betrekking op narkose, 'n gebied waarop daar volgens gesaghebbendes nog nie genoeg gedoen is nie. Die verwagting is dat sy werk 'n bydrae sal lewer om narkose veiliger te maak, waardeur chirurgie onder al ons bevolkingsgroepe gebaat sal word.

Die Hendrik Verwoerd-Navorsingsbeurs word vir een jaar toegeken, en is bedoel om jong gekwalifiseerde geneeshere vir verdere navorsing te ondersteun. Wyle dr. Verwoerd het die instelling daarvan moontlik gemaak toe hy die geldelike deel van die Hendrik Verwoerd-Toekenning (R10 000), wat in 1966 aan hom aangebied is, nie vir homself wou aanvaar nie en versoek het dat dit gebruik word om 'n geneeskundige of tandheelkundige beurs in die lewe te roep.

2/.....

Vir inligting mag ek byvoeg dat dit die elfde keer is dat die beurs toegeken word; vorige toekennings het geskied aan ander jong geneeshere van Stellenbosch, asook aan geneeshere van Pretoria en Bloemfontein.

H.B. Thom.

(Prof. H.B. Thom)
VOORSITTER: RAAD VAN TRUSTEES
HENDRIK VERWOERD-NAVORSINGSBEURSTRUST